



## Kalahari/Kgalagadi Toer 24 – 31 Mei 2020

Begin: Randburg - Randburg  
Soort: Avontuur/natuur en kultuur  
Verwysing: BM/KK  
Fisies: 'n Basiese vlak van onafhanklik stap is nodig vir u om die toer werklik te geniet.

### Is hierdie die regte toer vir u?

- Hierdie toer het 'n paar lang reis dae wat onvermydelik is.
- Die toer behels lodge/gastehuis verblyf.
- Verken die Kalahari met slegs EEN dag in Kgalagadi Transfrontier Park. (Slegs een roete geskik vir bus)
- Hierdie toer word aangebied in 'n Volkswagen, Semi-Luukse, Crafter bussie sonder toiletgeriewe. Ons verkies om nie meer as 16 persone te neem nie, en daarom is daar slegs vir TWEE persone enkel-akkommodasie beskikbaar.

### **HOOGTEPUNTE:**

- ✓ Kalahari-Oranje Museum
- ✓ Khi Solar One
- ✓ Bootrit
- ✓ Augrabies Waterval
- ✓ Crystal Spring Minerals
- ✓ Eksotiese Droëvrugte Padstal
- ✓ Keimoes Waterwiel
- ✓ Kgalagadi Transfrontier Park

Toer Verw:	Datum 2020:	Tarief	SADC
BM/KK	24 – 31 Mei 2020	R 9 200-00 R13 200-00	Deel Tarief (per persoon) Enkel Tarief

**Betaal R1 000p/p. deposito (binne 14dae) nadat u bespreking bevestig is, en balans 30dae voor toer vertrek. (Deposito nie terugbetaalbaar met kansellasie nie).**

**Ingesluit:** 4 Nagte Selfsorgeenhede en 3 Nag Lodge  
Geregistreerde Toergids  
18 Sitplek Semi-Luukse Volkswagen Crafter Bussie  
Toegangselde (soos aangedui op program).  
Etes, soos aangedui

**Uitgesluit:** Drankies  
Wynproe – Oranjerivier Wynkelder  
Fooitjies  
Etes, soos aangedui

**Kontak persoon:** Das Badenhorst

T: 011 919 9017 | S: 083 410 1745 | F: 011 9190211 | E: [dasb@atkv.org.za](mailto:dasb@atkv.org.za)



## KALAHARI/KGALAGADI TOER

### Dag 1: **RANDBURG - UPINGTON**

Die bus vertrek om 07:00 vanaf ATKV-gebou in Randburg. Ons reis via Coligny/Vryburg waar ons vir 'n middagete by Kathu sal stop. Hierna is dit die laaste gedeelte van ons reis tot by Upington.

*ETES INGESLUIT: Aandete. (Middagete op eie onkoste)*

*AKKOMMODASIE: Oranjerus Vakansieoord Selfsorgeenhede*

*KILOMETERS: 800km*

*HOOGTEPUNTE INGESLUIT:*

- ❖ Kuruman
- ❖ Kathu

### Dag 2: **UPINGTON**

Ons doen 'n laat ontbyt. Vertrek vanaf die oord na Upington waar ons bietjie geskiedenis gaan ervaar en daarna die nektar van die natuur gaan proe (Oranjerivier Wynkelder).

*ETES INGESLUIT: Ontbyt / Aandete (Middagete op eie onkoste)*

*AKKOMMODASIE: Oranjerus Vakansieoord Selfsorgeenhede*

*HOOGTEPUNTE INGESLUIT:*

- ❖ Kalahari-Oranje Museum
- ❖ Kameelstandbeeld

### Dag 3: **UPINGTON**

Na heerlike ontbyt vertrek ons na die Sonplaas net buite Upington. Vol energie en warm, is dit tyd vir 'n bootrit op die Oranjerivier.

Geniet later die mooiste sonsondergang teen die Oranjerivier.

*ETES INGESLUIT: Ontbyt / Aandete (Middagete op eie onkoste)*

*AKKOMMODASIE: Oranjerus Vakansieoord Selfsorgeenhede*

*HOOGTEPUNTE INGESLUIT:*

- ❖ KHI SOLAR ONE
- ❖ Bootrit

### Dag 4: **UPINGTON**

Ons volg vandag 'n ander roete en die pad is bietjie langer vir die dag. Ons reis verby wingerde en droogbane van die Noord Kaap na Augrabies Watervalle. Op pad besoek ons 'n edelgesteente winkel en koop die mooiste geskenk en juwele.

Vanmiddag na besoek aan die Valle keer ons terug en maak 'n draai by een van die eksotiese droëvrugte stalletjies teen die pad.

*ETES INGESLUIT: Ontbyt / Aandete (Middagete op eie onkoste)*

*AKKOMMODASIE: Oranjerus Vakansieoord Selfsorgeenhede*



**HOOGTEPUNTE INGESLUIT:**

- ❖ *Augrabies Waterval*
- ❖ *Crystal Spring Minerals*
- ❖ *Eksotiese Droëvrugte Padstal*
- ❖ *Keimoes Waterwiel*

**Dag 5: UPINGTON – KGALAGADI LODGE**

Na heerlike ontbyt vertrek ons. Vinnige stop by die Kalahari Mall en dan reis ons na die mooiste rooi duine.....Kalahari Duine. Ons arriveer gedurende die middag by Askham, en besoek die Diamond T Coffee Shop.

Arriveer laat middag by ons akkommodasie net buite Kgalagadi Transfrontier Park.

*ETES INGESLUIT: Ontbyt / Aandete (Middagete op eie onkoste)*

*AKKOMMODASIE: Kgalagadi Lodge*

**HOOGTEPUNTE INGESLUIT:**

- ❖ *Diamond T Coffee Shop*

**Dag 6: KGALAGADI LODGE – KGALAGADI TRANSFORTIER PARK**

Vroeë ontbyt en ons vertrek vir die dag op **een** roete in die Kgalagadi Transfrontier Park.

Ons kuier bietjie onder die grootste kameeldoringboom op die roete, met ligte middagete.

*ETES INGESLUIT: Ontbyt / Ligte Middagete / Aandete*

*AKKOMMODASIE: Kgalagadi Lodge*

**HOOGTEPUNTE INGESLUIT:**

- ❖ *Kgalagadi Transfrontier Park*

**Dag 7: KGALAGADI LODGE - VRYBURG**

Laaste ontbyt in die Kalahari en ons vertrek.

Vandag reis ons 600kilometer. Ons reis via Upington na Vryburg waar ons oornag.

*ETES INGESLUIT: Ontbyt / Aandete (Middagete op eie onkoste)*

*AKKOMMODASIE: Lodge in Vryburg*

**Dag 8: VRYBURG - RANDBURG**

Laaste ontbyt as groep.

Ons vertrek vanaf Vryburg en sal ongeveer 16:00 in Randburg arriveer.

*ETES INGESLUIT: Ontbyt (Middagete op eie onkoste)*

*(Program kan aangepas/verander word weens omstandighede buite die ATKV se beheer).*



## **BELANGRIKE INFORMASIE**

Dit is belangrik dat u moet weet dat ons die juweel van die Kalahari gaan ontdek, en slegs een dag in die Kgalagadi Transfrontier Park sal reis. Ongelukkig is die paaie nie geskik vir busse nie, maar wel een roete kan gevolg word.

Geen paspoort/visa word benodig vir hierdie toer.

Tydens die beplanning van die toer was die bostaande roete, aktiwiteite asook toer-plan korrek, maar ons streef onophoudelik daarna om aan ons kliënte die beste en veiligste toer te bied, ten alle tye. Ons behou die reg voor om op enige tyd aanpassings of veranderings aan die toer/roete of aktiwiteite te maak op ons diskresie, in belang van die groep. Die dag tot dag se reisprogram kan omgeruil word om by die weer aan te pas, en vir die beste besienswaardighede wat in die streek is.

Gedurende die verloop van tyd verander toestande van die paaie (hetsy goed of sleg) wat gewoonlik nuwe roetes oopmaak. Gekontrakteerde kampe en akkommodasie se standarde verander (hetsy goed of sleg), opsionele aktiwiteite word beskikbaar of word by-gelas en sommige gaan uit besigheid uit, nuwe grense maak oop of die normale grense word eenvoudig net te besig, ens. Ons monitor onophoudelik elk van die bogenoemde faktore wat tot die sukses van die toer sal lei en sal dus veranderings maak indien omstandighede dit vereis of indien dit die toer positief sal baat.